

## **Dit is waar: Elkeen wat oorwin, sal dit alles beërwe (OP25)**

### **Openbaring 21:5-7**

**24 Januarie 2021**

Die afgelope twee weke het ons besin oor die nuwe hemel en aarde wat gaan kom aan die einde van die tyd. Ons het reeds gesien dat God die skepping gaan vernuwe, en dat die gelowiges op die nuwe aarde onder die nuwe hemel gaan woon. Boonop kom God self om by hulle te woon. Laasweek het ons gesien dat daar 'n intieme en warm verhouding tussen God en hierdie mense sal wees. God sal hulle God wees, en hulle sal God se mense wees. Dit spruit voort uit die feit dat God die getroue Verbondsgod is. Beide die feit dat God by die mense gaan woon, en die feit dat Hy hulle God sal wees en hulle Sy mense sal wees, is die resultaat van 'n lang konstruktiewe opbou wat strek van die eerste hoofstukke van Genesis tot hier by die laaste hoofstukke in Openbaring, waar ons die toekoms inkyk, selfs verby die finale oordeel.

Vandag wil ek stilstaan by Op 21:5-7. In hierdie verse is God self aan die woord – een van die min plekke in Openbaring waar dit pertinent gesê word dat God aan die woord is. Vers 5 begin met die stelling: “Toe sê Hy wat op die troon sit...”. Dit is natuurlik God self wat op die troon sit – soos wat ons uit die troonvisioen in Op 4 geleer het. Daar was verskeie gevalle vroeër in die boek waar ons gelees het van 'n stem wat van die troon af kom, en waar ons aflei dat dit God of Jesus is wat aan die woord is, maar hier word dit eksplisiet gesê dat hierdie woorde van God self kom.

God maak 'n hele aantal stellings in hierdie verse, waarna ons nou gaan kyk:

#### Kyk, Ek maak alles nuut (vers 5)

Die eerste stelling is: “Kyk, Ek maak alles nuut.” Die woordjie “Kyk” is 'n oproep wat ons moet herinner dat wat God hierna sê belangrik is, iets wat ons ernstig ter harte moet neem. As jy na 'n Engelse vertaling sou kyk, bv NIV of ESV, staan daar: “I am making everything new”. M.a.w. God is in die proses om alles nuut te maak. Wat bedoel God met alles? In die eerste plek het ons in vers 1 al gelees dat God die hemel en die aarde nuut maak – d.w.s. God maak dit skoon van enige effek wat die duiwel, sy trawante of sonde op die ganse skepping gehad het. Maar die vernuwingswerk van God hou meer in as dit. Lees 2 Kor 3:18. Hier lees ons dat gelowiges met verloop van tyd al meer verander word om aan die beeld van Christus gelyk te word, en die heerlijkheid wat van ons uitstraal word al meer. In 2 Kor 4:16-17 lees ons dat al is ons besig om uiterlik te vergaan, word ons van dag tot dag vernuwe, tot dit uitloop op 'n heerlijkheid wat alles verreweg oortref, en wat vir ewig bly. Of in die woorde van 2 Kor 5:17-18: “Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby, die nuwe het gekom. Dit alles is die werk van God.” God maak dus nie net die skepping nuut nie, Hy maak ook die mense wat deel is van die bruid en die nuwe Jerusalem nuut. Ja, ons verstaan dat iemand wat aan Christus behoort nou al in wese 'n nuwe mens is. Maar soos ons in hierdie gedeeltes in 2 Kor lees, is hierdie vernuwing in die lewens van gelowiges 'n proses wat van dag tot dag vorder – maar eventueel loop dit uit op 'n heerlijkheid wat alles oortref en vir ewig sal bly. En daardie heerlijkheid is nou bereik – wanneer ons hier by Op 21 kom!

#### Skryf hierdie dinge op, want hulle is betroubaar en waar (vers 5)

Hierna sê God vir Johannes: “Skryf hierdie woorde op, want hulle is betroubaar en waar”. Johannes het natuurlik al in Op 1 die opdrag gekry om alles neer te skryf. Maar hier word hy weer daaraan herinner: “Hierdie is belangrik, Johannes, jy moet tog nie vergeet om dit neer te skryf nie”. Die punt is ons het in hierdie gedeelte 'n beskrywing van God se einddoel met alles. En die wonderlike is dat God wil hê dat ons as mense dit moet verstaan. Hy wil hê dat ons ingelig sal wees. Daarom moet

Johannes dit neerskryf, sodat ons dit op skrif mag hê, en dit selfs 2000 jaar later mag lees, en oordink. Boonop is dit vir God belangrik dat hulle neergeskryf moet word, want hulle is betroubaar en waar. Dit is opvallend dat ons hier aan die einde van Openbaring drie keer hierdie stelling kry dat die woorde betroubaar en waar is. Die eerste een is in Op 19:9 – dit was net na Johannes die visioen gesien het oor die bruilofsmaal van die Lam. Die tweede plek is hier in Op 21 waar God aan Johannes verduidelik dat Hy alles nuut maak, en die derde plek is Op 22:6 net na die beskrywing van die nuwe Jerusalem. Aldrie gevalle is dus spesifiek gekoppel aan God se openbaring rakende daardie toekomstige bedeling – daardie dinge wat ons nog nie sien nie. Daar is baie profesieë in die Bybel wat alreeds in vervulling gegaan het (dink maar aan die profesieë oor die komende Verlosser), daar is baie profesieë wat tans besig is om in vervulling te gaan (dink maar aan al die profesieë oor die swaar tye wat sal kom). Maar dan is daar juis daardie profesieë oor die komende heerlijkheid wat nog uitstaande is, en wat ook moeilik is om te glo – veral as ons steeds in ‘n sondige wêreld leef. Maar dis juis dan dat God sê: Hierdie woorde is betroubaar en waar. Moet nie twyfel of hulle in vervulling sal gaan nie. Nee, soos wat jy daaglik daardie worsteling beleef wat deel is van jou vernuwing, net so kan jy seker wees God sal die vernuwing van alles afhandel – dit is betroubaar en waar!

#### Dit het klaar gebeur (vers 6)

Die volgende versekering wat God aan die gelowiges gee, is: “Dit het klaar gebeur”. Ja, God is steeds besig om alles te vernuwe, maar daar is nie ‘n kwessie of Hy dit gaan klaar maak nie. Hy gee hulle die versekering dat teen die tyd dat Op 21 aanbreek, het dit alles klaar gebeur. Die term “dit” hier is in die meervoud: “Hulle het klaar gebeur”. Hierdie stelling herinner ons egter aan twee ander plekke in die Bybel waar ons iets soortgelyks lees: Die een is in Op 16:17 – hier lees ons van die sewende bak wat uitgegiet word: Toe kom daar ‘n harde stem van die troon af en sê: “Dit is verby!”, en net daarna volg daar ‘n beskrywing van die finale oordeel. Die ander plek waar ons ‘n soortgelyke stelling lees, is in Joh 19:30 - na die drie ure van duisternis tydens die kruisiging, roep Jesus uit: “Dit is volbring!”.

Kom ons haak hierdie drie stellings chronologies aanmekaar: Jesus roep juis uit “Dit is volbring” na die drie ure duisternis. Die drie ure duisternis was juis die tyd waar Hy intens met die duiwel geworstel het, en hom oorwin het. Hy sou kom om die kop van die slang te vermorsel, en nou is dit volbring. In Op 16 word uitgeroep “Dit is verby” juis met die finale oordeel. Ja, die satan was reeds met die kruisiging oorwin. Sedertdien was hy gebind, maar nou met die finale oordeel word hy en al sy volgelinge in die poel van vuur gegooi. Hulle oordeel is gefel en voltrek – dit is verby. En nou hier in Op21 waar ons lees van God se voltooid vernuwingswerk word uitgeroep “Dit het klaar gebeur!” Die vernuwingswerk wat God belof het in Genesis 3 en deur die res van die Ou Testament, die vernuwingswerk wat in beginsel verseker was met die oorwinning van die satan tydens die kruisiging, die vernuwing wat ‘n reuse stap vorentoe geneem het met die finale oordeel van alle goddeloses, is nou voltooi met die koms van die nuwe hemel en aarde, asook die heerlikmaking van almal wat aan God behoort!

#### Ek is die Alfa en die Omega, die Begin en die Einde (vers 6)

As God Homself beskryf met die terme Alfa en Omega, oftewel Begin en Einde, sluit dit baie nou aan by wat ons tot dusver gesien het. God herinner ons daaraan dat Hy die soewereine God is. Hy is die Een wat dit alles begin het, en Hy is ook die Een wat dit alles gaan klaar maak. Dit is in lyn met wat ons die afgelope twee preke na gekyk het: As God hier belof dat Hy by die mense gaan kom woon op die nuwe aarde onder die nuwe hemel, is dit die resultaat, die einde, van ‘n lang proses wat begin het in die begin toe God alles begin het! As God hier kom en belof dat Hy hierdie mense se God sal wees en hulle sal Sy volke wees, dan is dit die einde van ‘n lang proses wat strek vanaf die begin toe

God alles begin het. Boonop het Hy daar en herhaalde male deur die loop van die Bybel verklaar dat Hy dit alles gaan doen. En nou, as ons Op 21 bereik, is dit duidelik dat dit alles nou klaar is. Hy is die Begin van alles, Hy is die Een wat dit alles uitwerk deur die loop van die eeue, Hy is ook die Een wat dit suksesvol sal afhandel. Dit is hoekom Hy kan verklaar: “Dit het klaar gebeur!”

Aan elkeen wat dors het, sal Ek te drinke gee uit die fontein met die water van die lewe, verniet (vers 6)

In die res van verse 6 en 7 beskryf God nou self wat die gelowiges kan verwag. Eerstens sê Hy dat Hy aan elkeen wat dors het te drinke sal gee van die water van die lewe, verniet. Hierdie uitspraak verwys terug na beloftes wat God alreeds in Jesaja gegee het: In Jes 49:10 het God onderneem Hom te ontferm oor Sy volk, deurdat Hy hulle by fonteine langs sal lei. In Jes 55:1 nooi Hy almal uit wat dors het om te kom water kry – verniet. Ons weet dat Jesus self geleer het dat Hy die water van die lewe het. Diegene wat hiervan drink, kry nooit weer dors nie. En in Op 22:1 lees ons dat daar in die Nuwe Jerusalem ‘n rivier is van lewende water wat uit die troon van God en die Lam stroom.

Natuurlik is dit die gelowiges wat dors het – omdat hulle besef hoe groot hulle nood is voor God. Wel, God beloof hier dat Hy aan al hierdie mense die water van die lewe sal gee. Die water is natuurlik Jesus. Die punt is dat God gee dit vir hulle, en boonop gee Hy dit vir hulle verniet. Hulle hoef dit nie te verdien nie – dit is ‘n groot genade, want onthou hoe ons laasweek gesien het dat die volk maar net nie God wou erken as hulle God nie. Nee, omdat God die Verbondsgod is, neem Hy die verantwoordelikheid: Hy werk die dors in hulle deur Sy Gees, Hy voorsien die water van die lewe – Sy Seun. Hy laat hulle drink deur Sy Gees. En Hy doen dit alles vir hulle verniet. Dit is juis omdat God dit doen, en juis omdat Hy dit verniet doen – dat dit sal realiseer, want Hy is die Begin en die Einde, Hy is die getroue Verbondsgod.

Elkeen wat die oorwinning behaal, sal dit alles kry (vers 7)

Dit is juis omdat God aan elkeen wat dors het, van die lewenswater gee om te drink, en juis omdat Hy dit aan hulle verniet gee, dat daar diegene is wat wel die oorwinning sal behaal. Hulle gaan die oorwinning behaal – want God het die verantwoordelikheid geneem dat Hy aan hulle die oorwinning sal gee. En asof dit nie genoeg is nie, gee God hier nog ‘n belofte aan hierdie mense: Hulle sal dit alles kry! (OAV: Hulle sal alles beërwe). God beloof aan hierdie mense ‘n erfenis. Die vraag is nou: Wat is “alles”? Dit is sekerlik al die dinge waarvan ons nou al gelees het hier in hoofstuk 21. Maar kan ek jou ook herinner dat In Op 2 en 3 elkeen van die sewe briewe aan die gemeentes afsluit met daardie belofte: “Aan elkeen wat die oorwinning behaal, sal Ek...”. Ek wil nou graag hierdie erfenis wat ons gaan ontvang, verder oordink aan die hand van wat ons hier in Op 21 lees, asook in die briewe aan die gemeentes. Ek wil dit oordink onder vier hoofde:

1. Ons sal beslis die erfenis ontvang: As jy ‘n gelowige is, kan jy seker wees jy sal hierdie erfenis ontvang. God wil hê ons moet seker wees – dit is hoekom Hy dit geopenbaar het, en vir Johannes gesê het hy moet dit opskryf. Maar daar is verskeie redes hoekom ons seker kan wees:
  - a. God het sopas gesê Hy gee die water van die lewe verniet. Alles hang dus van God af, wat Homself oor en oor bewys het as getrou.
  - b. Aan Sardis het Jesus beloof dat Hy nooit die name van gelowiges uit die boek van die lewe sal haal nie (Op 3:5). Trouens, Hy het onderneem dat Hy voor die Vader en Sy engele sal verklaar dat hulle aan Hom behoort. Nou, dit is veral in die finale oordeel dat dit belangrik is dat Jesus verklaar wie aan Hom behoort. Dit is omdat Hy as die getroue Getuie dan vir hulle intree, dat hulle sekerheid mag hê.

- c. Aan Smirna het Jesus beloof dat die wat die oorwinning behaal, nie deur die tweede dood getref sal word nie (Op 2:11). Ons weet dat die tweede dood is die vuurpoel-dood. Dit is al die mense wat nie in die vuurpoel eindig nie, wat wel op die nuwe aarde onder die nuwe hemel eindig.
2. Ons sal die erfenis vir altyd besit: Ons het ook die heerlike versekering dat as ons hierdie erfenis ontvang het, sal ons dit nooit weer verloor nie.
- a. Aan Efese het Jesus beloof dat Hy aan elkeen wat die oorwinning behaal te ete sal gee van die boom van die lewe, wat in die paradys van God is (Op 2:7). Voeg hierby dat Op 22:2 ons leer dat die boom van die lewe in die Nuwe Jerusalem staan en twaalf keer per jaar vrugte dra, waardeur daar genesing vir die nasies kom. In Gen 3:22 was dit al duidelik as iemand van hierdie boom eet, sal hy ewig lewe. En nou kan ons van hierdie boom eet soveel as wat ons wil!
  - b. Aan Pergamum het Jesus belowe dat Hy aan die oorwinnars van die verborge manna sal gee. Onthou, manna was die voedsel wat God aan die volk in die woestyn gegee het. Onthou die tafel met die toonbrode in die Heilige waarvan die priesters mog eet. Onthou Jesus is die Brood van die lewe!
  - c. Vers 6 het ons geleer dat ons mag drink van die water van die lewe, wat Op 22:1 herhaal het. Sien jy? Ons mag eet van die boom van die lewe, ons mag die brood van die lewe eet en ons mag drink van die water van die lewe – terwyl ons name vir ewig in die boeke van die lewe staan! Niks gaan hierdie erfenis van ons wegneem nie.
3. Ons gaan gemeenskap met God hê: Laasweek het ons gesien dat God ons God sal wees en ons sal Sy volke wees. Ons het gesien hoe God deur die eeue heen na hierdie punt toe werk. Hierdie intieme gemeenskap met God is al herhaalde male uitgelig:
- a. Aan Pergamum het Jesus beloof dat Hy aan die oorwinnars 'n spierwit klippie waarop 'n nuwe naam gegraveer is, sal gee (Op 2:17).
  - b. Aan Tiatira beloof Hy om aan hulle die morester te gee (Op 2:28). Volgens Op 22:16 is Jesus die Morester.
  - c. Aan Sardis beloof Hy hulle sal wit klere dra (Op 3:5).
  - d. Aan Filadelfia beloof Hy hulle sal vir altyd 'n pilaar in God se tempel wees, en God se Naam, die naam van die Nuwe Jerusalem en Sy nuwe Naam sal op hulle geskryf wees (Op 3:12). Werklik, God erken hierdie oorwinnaars as Sy mense, en Hy is hulle God.
4. Ons gaan heers:
- a. Aan Tiatira beloof Jesus dat die oorwinnaars mag en gesag oor die nasies sal hê (Op 2:26). Ons het al vantevore gesien dat hierdie gesag na vore kom wanneer gelowiges tydens die finale oordeel getuigenis sal lewer teen die goddelose mense.
  - b. Aan Laodisea beloof Jesus dat hulle saam met Hom op Sy troon sal sit (Op 3:21)
  - c. Voeg hierby Op 22:5, wat leer dat hierdie mense tot in alle ewigheid sal regeer.

Kom ons dink bietjie oor die betekenis hiervan. Dit is so dat God van die begin af 'n heersersrol aan die mens gegee het. Lees maar net Gen 1:28 waarvolgens die mens moet heers oor al die voëls, visse en diere. Lees ook Ps 8:4-9. Duidelik het die mens 'n baie senior rol in die skepping. God het die mens met aansien en eer gekroon (vers 6), en verwag dat hy moet heers. Let op wat vers 7 sê: "U het alles aan hom onderwerp", en vers 8 gaan dan voort om te verduidelik hoe wyd hierdie heersersrol strek.

Maar is dit tans waar? Is alles aan die mens onderwerp? Heers die mens werklik effektief oor God se fisiese skepping? Is dit nie so dat dit dikwels nie so lyk nie? Hoekom is daar dan wilde diere wat mense doodmaak? Hoekom is daar haai-aanvalle? Hoekom is daar iets soos 'n

coronavirus? Hoekom sukkel die mens so om 'n effektiewe entstof te ontwikkel? Hoekom is daar 'n gevaar dat die virus vinniger variante kan ontwikkel as wat die mens entstowwe kan ontwikkel en versprei? Is die mens dan nie die kroon van die skepping nie? Het God dan nie alles aan hom onderwerp nie?

Lees Heb 2:5-9. Vers 5 is aangrypend: Die toekomstige wêreld waarvan ons hier lees, is die nuwe hemel en aarde waarvan Op 21 ons vertel. Hierdie nuwe hemel en aarde sal nie onderworpe wees aan die engele nie, maar wel aan die mense, aan die wat die oorwinning behaal! Vanaf vers 6 haal die Hebreërskrywer juis Ps 8 aan, wat aandui dat God alles aan die mens onderwerp het. In vers 8 maak hy dan ook die punt dat hierdie onderwerping aan die mens alles insluit. Maar dan maak hy dieselfde gevolgtrekking as wat ons netnou gemaak het – alhoewel die mens die verantwoordelikheid het om oor alles te heers, is die tragiese realiteit op die oomblik dat dit nie realiseer nie. En dan kom vers 9: “Maar ons sien Jesus, met eer en heerlijkheid gekroon op grond van Sy lyding en dood”. Hy is 'n kort tydjie minder as die engele gemaak en het die oorwinning kom bewerk deur Sy lewe en sterwe, Hy het die wortel van die kwaad wat aanleiding gegee het daartoe dat die mensdom onder andere ook nie sy heersersrol vervul het nie, kom aanspreek. Na Sy werk hier op aarde afgehandel was, het Hy gaan sit aan God se regterhand, vanwaar Hy sedertdien regeer. En Hy beloof nou aan Laodisea dat al die oorwinnaars saam met Hom op Sy troon sal sit. En hulle gaan heers oor daardie nuutgemaakte skepping vir ewig. En hulle gaan uiteindelik verantwoordelik daarvoor heers. Hulle gaan goed verstaan God is God, en hulle is mense. Maar daar gaan geen Satan meer wees om ander idees in hulle koppe te plant nie. Nee, hulle gaan God erken as hulle God. En hulle sal saam met God heers oor God se nuutgemaakte skepping.

### Afsluiting

God, die soewereine God, die Alfa en die Omega, verklaar dat Hy alles nuut maak. Dit sluit die ganse skepping in. En dit sluit ook die gelowiges in. Hy is reeds besig met hierdie vernuwingswerk in hulle. Hierdie verklaring van God dat Hy alles nuut maak, is waar en betroubaar – want dit is slegs afhanklik van God. Hy neem verantwoordelikheid daarvoor dat dit sal realiseer. Die eindresultaat is 'n nuwe hemel en 'n nuwe aarde. Die nuwe aarde sal gevul wees met nuwe mense. Hy sal by hulle kom woon. Hy sal hulle daar bring. Immers staan hulle name in die boek van die lewe. Immers sal Sy Seun met die finale oordeel verklaar dat hulle aan Hom behoort. As hulle daar is, sal hulle daar bly – want hulle het toegang tot die boom van die lewe en hulle kan drink van die water van die lewe. Hy sal hulle God wees, hulle sal Sy mense wees, en hulle sal Hom erken as hulle God. Immers het hulle elkeen 'n spierwit klippie met 'n nuwe naam daarop gegraveer, immers het hulle deel aan die Morester, immers het hulle wit klere aan, immers is hulle 'n pilaar in Sy tempel, en het hulle God se Naam, die Lam se nuwe Naam en die nuwe Jerusalem se naam op hulle geskrywe. En dan gaan hulle heers – vir ewig. Hulle gaan effektief heers oor God se nuutgemaakte skepping. Hulle gaan effektief heers, want hulle sit saam met Jesus op die troon, wat op Sy beurt saam met die Vader op Sy troon sit. Maar al sit hulle saam met Hom op die troon, weet en erken hulle: Hy is God, en hulle is mense! Maar Hy is hulle God, en hulle is Sy mense!